MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

28 Junie 2021

OB 20-2021: Skoolsluiting Woensdag 30 Junie 2021

Beste Ouers

Die nuwe Vlak 4-inperkings wat Sondagaand aangekondig is, het bepaal dat skole hierdie week nog moet sluit.

Die Grondslagfase se assessering is afgehandel (buiten enkele leerders wat nog assesserings inhaal). Die Intersenfase skryf hul laaste toets op Woensdag 30 Junie (sien punt 5 asb.) **Die skool sluit op Woensdag 30 Junie 2021 op die normale sluitingstye.** Die skool sluit nie vroeër nie, weens toetse wat afgehandel moet word en omdat ons moet koördineer met die openbare vervoer en busse. Die skool heropen op **19 Julie 2021 om 08:00** vir alle leerders. Die terugkeerdatum is vandag vervroeg. Dié van u wat vakansiereëlings getref het, gaan voort met u reëlings. Ons sal leerders help om werk in te haal indien nodig.

<u>Die vroeë sluiting het 'n invloed op verskeie gebiede</u>:

1. Dit is absoluut noodsaaklik dat ons u regte **kontakbesonderhede** op ons stelsel het. Ons het verlede week skeurbriewe in verband met ***WhatsApp*-groepe** uitgestuur. U moet asb. daardie skeurbriewe **dringend** aan ons terugstuur.

2. Die **Grondslagfase se uitdunne vir Redenaars** moet ongelukkig uitgestel word na volgende kwartaal. Help asb. die leerders gedurende die vakansie om so dan en wan te oefen, sodat hulle nie heeltemal "verroes" nie. Die nuwe datums sal aan u deurgegee word.

3. Die **Algemene Kennis**-toetse word ook uitgestel na volgende kwartaal. Die leerders sal hierdie toetse skryf op die eerste Vrydag na ons terug is by die skool.

4. Die leerders gaan deur die week al hul boeke kry om huis toe te neem.

5. Die **toetsrooster van gr. 4-7** moet noodwendig aangepas word. Die rooster is nou as volg:
   Woensdag 30 Junie: Gr. 4-6: Geskiedenis gr. 7: Tegnologie
   Die werksafbakening van Tegnologie is verfyn. Leerders sal deur die oggend geleentheid kry om te leer, aangesien ons die toetse met 'n dag moes vervroeg.

6. Aangesien daar nog tot Woensdag toetse geskryf word, sal ons nie die **rapporte** hierdie kwartaal kan uitgee nie. Die personeel sal die punte verwerk en die rapporte voorberei, sodat ons dit die eerste Vrydag na die skool heropen het, kan uitdeel.

7. Leerders wat betaal het vir die **LM Skakel** mag Woensdag gewone klere aantrek.

8. Die Montie-Mall produkte sal ongelukkig ook eers na die vakansie afgelewer kan word.

Ek wens u alles van die beste toe vir die volgende paar weke. Beskerm uself asb. en tree so voorkomend as moontlik op. Dankie vir u ondersteuning die afgelope kwartaal. Indien u 'n bietjie gaan wegbreek, geniet ook dié rustydjie.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 2080